Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Die vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN IN 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Raadpleeg Bron 1A.

1.1.1 Haal teenstrydige standpunte aan wat die volgende lande gehad het ten opsigte van hulle idees oor wat na-oorlogse Europa sou word:

(a) Amerika (1 x 1) (1)

(b) Sowjetunie (1 x 1) (1)

1.1.2 Verduidelik die konsep *kommunisme* in die konteks van Europa ná die Tweede Wêreldoorlog. (1 x 2) (2)

1.1.3 Identifiseer TWEE politieke struikelblokke, volgens die bron, waarvoor George Marshall te staan gekom het rakende die ontwikkeling van 'n Europese Herstelprogram in 1947. (2 x 1) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'Die Amerikaanse Kongres was besig om hulle limiet ten opsigte van die beskikbaarstelling van buitelandse hulp aan Europa te bereik.' (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer TWEE oogmerke wat die VSA-regering wou bereik met hulle pogings om Europa te help. (2 x 1) (2)

1.2.2 Haal DRIE redes aan waarom George Marshall geglo het dat die VSA-regering nie eensydig 'n program moes opstel om Europa ekonomies te help nie. (3 x 1) (3)

1.2.3 Verduidelik die implikasie van die stelling: 'Politieke passie en vooroordeel moet geen rol speel nie', rakende hulp aan Europa. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom **EUROPA** as 'DIE NUWE DONKER KONTINENT' uitgebeeld word. (1 x 2) (2)

1.3.2 Waarom, dink jy, is die Marshall-plan ná die Tweede Wêreldoorlog aan Europese lande bekendgestel? (1 x 2) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die VS-dollarteken wat as 'n vlam van die Marshall-plan uitgebeeld is. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Wat, volgens die bron, was Molotov se finale verklaring aan die konferensie rakende die Marshall-plan? (1 x 1) (1)

1.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Marshall-plan 'n bedreiging vir die Sowjetunie was. (2 x 2) (4)

1.4.3 Identifiseer TWEE weë van internasionale samewerking waarna Molotov verwys. (2 x 1) (2)

1.4.4 Definieer die term *onafhanklikheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.4.5 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing doen oor hoe die Marshall-plan beoog het om ekonomiese herstel in na-oorlogse Europa te bereik. (2 x 2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe Bron 1C verskil van Bron 1D rakende die Marshall-plan as ekonomiese hulp aan Europa deur die Verenigde State van Amerika. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Marshall-plan in 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika (VSA) bygedra het . (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE LANDE IN DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Identifiseer, in die bron, die Portugese diktator wat Salazar in 1968 opgevolg het. (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die term *diktator* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem die DRIE Angolese bewegings in die bron wat 'n magsdelingvredesooreenkoms vir die onafhanklikheid van daardie land geteken het. (3 x 1) (3)

2.1.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'Dit was die Koue Oorlog en daar moes oor elke duim van die aardbol met die Sowjetunie kragte gemeet word', in die konteks van die VSA se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Haal EEN rede uit die bron aan waarom die Amerikaanse Intelligensiediens ('Central Intelligence Agency (CIA)') vir groter Amerikaanse ondersteuning aan die FNLA gedruk het. (1 x 2) (2)

2.2.2 Waarom, dink jy, het die VSA gedurende die Angolese oorgangsregering finansiële ondersteuning aan die FNLA verskaf? (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik die konsep *oorgangsregering* in die konteks van Angola se pad na onafhanklikheid. (1 x 2) (2)

2.2.4 Lewer kommentaar op hoe die VSA se nederlaag in 1975 in Viëtnam sy betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog beïnvloed het. (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Wat sou volgens Denvir gebeur het as Kuba nie 36 000 troepe na Angola gestuur het nie? (1 x 2) (2)

2.3.2 Wat, volgens die bron, het die Angolese aangespoor om 'n desperate beroep vir hulp op Kuba te doen? (1 x 2) (2)

2.3.3 Gee TWEE eise in die bron wat die Suid-Afrikaners aan die Ford-administrasie gestel het. (2 x 1) (2)

2.3.4 Lewer kommentaar op waarom Suid-Afrika ope en volle ondersteuning van die VSA vir sy inval in Angola wou hê. (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik die betroubaarheid van die bron vir 'n navorser wat die redes vir Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Lewer kommentaar op die implikasie van die woorde in die spotprent: 'ALLE GROOT HEMISFERE AANVAAR', rakende Kuba se militêre ondersteuning aan ander dele van die wêreld. (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik die implikasies van die woorde: 'MAKLIKE BETALINGSVOORWAARDES' rakende Kuba se voorwaardes om die Angolese militêr te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.4.3 Gebruik die inligting in die bron en lewer kommentaar op hoe Fidel Castro in hierdie spotprent uitgebeeld word ten opsigte van sy buitelandse beleid. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D ondersteun rakende die rol wat Kuba in die Angolese Burgeroorlog gespeel het. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom buitelandse lande in die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HET DIE VRYHEIDSOMERVELDTOG IN DIE 1960's DAARIN GESLAAG OM KIESERSREGISTRASIEUITDAGINGS WAARVOOR SWARTES (SWART AMERIKANERS) IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) TE STAAN GEKOM HET, TE OORKOM?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE redes uit die bron aan oor waarom swart Amerikaners se stemreg 'n belangrike doelwit vir die Burgerregtebeweging geword het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Identifiseer DRIE maniere in die bron waarop die Council of Federated Organisations (COFO) swart Amerikaners met kiesersregistrasie gehelp het. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gee EEN rede in die bron waarom die aantal swart Amerikaanse kiesers in die Suide voortdurend gestyg het. (1 x 1) (1)

3.1.4 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die deelname van wit kollegestudente aan die Vryheidsomerveldtog. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik die belangrikheid van die vlag agter die kiesersregistrasieamptenaar. (1 x 2) (2)

3.2.2 Wat, dink jy, is die implikasie van die titel, 'DIE NUUTSTE GELETTERDSHEIDSTOETS VIR SWART KIESERS ...', oor die toets wat swart Amerikaners gedwing is om af te lê? (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy die geletterdheidstoets vir swart Amerikaanse kiesers as onregverdig sou beskou. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Fannie Lou Hamer in 1962 bang was om te registreer om te stem. (1 x 1) (1)

3.3.2 Waarom, dink jy, het Fannie Lou Hamer die geletterdheidstoets in 1962 gedruip ten spyte van die feit dat sy kon lees en skryf? (1 x 2) (2)

3.3.3 Definieer die term *veldtog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.3.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die kiesersregistrasie in die 1960's in Mississippi navors. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3B die inligting in Bron 3C ondersteun rakende die geletterdheidstoetse wat swart Amerikaners gedwing is om te skryf. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Hoe, volgens die bron, het die Mississippi-regering op die groeiende mag van die Burgerregtebeweging gereageer? Gee TWEE reaksies. (2 x 1) (2)

3.5.2 Gebruik die bron en maak ŉ lys van die DRIE burgerregteaktiviste wat in 1964 deur die Ku Klux Klan in Mississippi vermoor is. (3 x 1) (3)

3.5.3 Verduidelik die term *federale regering* in die konteks van die VSA se regeringstelsel. (1 x 2) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'Slegs 6,7% swart kiesers in Mississippi, wat gekwalifiseer het om te stem, was in 1964 geregistreer,' in die konteks van kiesersregistrasie in Mississippi. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik of die Vryheidsomerveldtog daarin geslaag het om kiesersregistrasie-uitdagings wat swart Amerikaners in die 1960's in die Verenigde State van Amerika in die gesig gestaar het, te oorkom. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die militêre taktieke wat die Verenigde State van Amerika toegepas het, het daarin geslaag om die Viëtkong gedurende die Viëtnamese Oorlog tussen 1963 en 1975 te verslaan.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko het positiewe veranderinge na die Kongo gebring deur sy politieke, ekonomiese en maatskaplike beleide, wat onmiddellik na onafhanklikheidswording in 1960 bekend gestel is.

Bespreek hierdie stelling krities en gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging militant en geweldadig van aard was om in die 1960's respek vir die lewens van swart Amerikaners in die Verenigde State van Amerika te verkondig

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## MEI/JUNIE 2024

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN IN 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) BYGEDRA?**

**BRON 1A**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n boek met die titel *The Marshall Plan: Dawn of the Cold War* deur B Steil. Dit lê klem op die politieke en ekonomiese omstandighede in Europa na die Tweede Wêreldoorlog (1945).

Soos die Tweede Wêreldoorlog aan 'n einde gekom het, was diplomatiese druk op 'n hoogtepunt aangesien Amerika en die Sowjetunie aansienlik verskillende houdings ten opsigte van hulle politieke doelwitte aangeneem het. As gevolg van hulle uiteenlopende ideologieë het elke land diep (sterk) teenstrydige opvattings (idees) gehad oor wat post-/na-oorlogse Europa sou word. Vir die Verenigde van Amerika was die doel om vrye handel en ope markte te bevorder; vir die Sowjetunie was die doel om waar hulle ook al kon kommunisme te versprei.

Teen die tyd dat die Marshall-plan die eerste keer oorweeg is, was dit duidelik dat die wêreld grootliks tussen Amerikaanse-styl kapitalisme en Sowjet-kommunisme verdeel was. Hierdie proses was die duidelikste in Europa wat al hoe meer tussen Oos en Wes gepolariseerd (verdeeld) geraak het.

George Marshall het in 1947 voor verskriklike (bedreigende) politieke struikelblokke in die ontwikkeling van 'n Europese Herstelprogram te staan gekom. Eerstens het die bevolkings van Europa – wie se stemme nodig was om hulle lande se deelname aan die program goed te keur – sterk gekant teen die vooruitsig om tussen ideologieë te kies, en was bevrees dat toenemende Sowjet-Amerikaanse spanning tot nog 'n wêreldoorlog sou lei. Indien die Marshall-plan deur Europese kiesers aanvaar sou word, moes daar voorkom word dat dit nie in die konteks van 'n Sowjet-Amerikaanse konflik vasgevang word nie.

Die tweede struikelblok was die kwessie van binnelandse goedkeuring. Die Amerikaanse Kongres was besig om hulle limiet ten opsigte van die beskikbaarstelling (goedkeuring) van buitelandse hulp aan Europa te bereik. Vorige bystandpogings (hulp) het nie veel bereik om Europa se verskriklike ekonomiese situasie te verbeter nie. Verder was die meeste Amerikaanse kongreslede stoere/sterk anti-kommuniste.

[Uit *The Marshall Plan: Dawn of the Cold War* deur B Steil]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 5 Junie 1947 deur George Marshall, die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake ('Secretary of State'), by Harvard University gelewer is. Dit verskaf voorwaardes waaraan Europese lande moes voldoen voordat hulle Amerikaanse ekonomiese hulp kon ontvang.


Dit is reeds duidelik dat voordat die Amerikaanse Regering veel verder met sy pogings kan gaan om die situasie te verbeter (verlig), en om die Europese wêreld op hulle weg na herstel te help, daar in 'n sekere mate 'n ooreenkoms tussen Europese lande moet wees oor die vereistes (behoeftes) van die situasie en die deelname van daardie lande self om behoorlike uitvoering te gee aan watter stappe ook al deur hierdie Regering geneem kan word. Dit sal nie vir hierdie Regering gepas of doeltreffend wees om eensydig (op hulle eie) 'n program op te stel wat ontwerp is om Europa ekonomies op sy voete te bring nie. Dit is die Europeërs se saak. Ek dink die inisiatief moet van Europa af kom. Die rol van hierdie land moet bestaan uit vriendskaplike hulp met die opstel van 'n Europese program sover dit prakties vir ons moontlik is om dit te doen. Die program moet 'n gesamentlike een wees, waarmee 'n aantal, indien nie alle, Europese nasies saamstem.

'n Belangrike deel van enige suksesvolle aksie aan die kant van Amerika is 'n begrip deur Amerikaners oor die aard van die probleem en die oplossings wat toegepas moet word. Politieke passie en voorvoordeel moet geen rol speel nie. Met voorsorg en bereidwilligheid van die kant van ons mense om die groot verantwoordelikhede wat duidelik deur geskiedenis op ons land geplaas is, onder oë te sien, kan en sal die uitdagings wat ek uiteengesit het, oorwin word.

[Uit *Book of Great Speeches* deur A Burnet]

**BRON 1C**

Die spotprent hieronder, met die titel 'New Light in the West', deur 'n Kanadese spotprenttekenaar, J Collins, is in 1948 in die Kanadese koerant, *The Gazette*, gepubliseer. Dit beeld die Marshall-plan, as ekonomiese hulp aan Europa, uit.




[Uit *The Gazette*, 1948]

**EUROPA**
DIE NUWE DONKER KONTINENT

**Nuwe Lig in die Weste**

**$ = VS-dollar-teken**

**BRON 1D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n berig met die titel 'Moscow and the Marshall Plan: Politics, Ideology and the Onset of the Cold War' deur G Roberts. Dit fokus op waarom VM Molotov, Sowjet- Minister van Buitelandse Sake, die Marshall-plan verwerp het.

Met die onderhandelinge wat op 'n dooiepunt uitgeloop het, was die konferensie op die punt om ineen te stort. Die Sowjet- Minister van Buitelandse sake het op 2 Julie 1947 sy finale verklaring aan die konferensie gemaak en dit was 'n besliste (definitiewe) verwerping van die Marshall-plan:
'Die kwessie van Amerikaanse ekonomiese hulp … dien as 'n dekmantel (verskoning) vir die Britse en Franse regerings om aan te dring op die stigting van 'n nuwe organisasie, wat bo Europese lande staan en met die interne sake van Europese lande inmeng, tot so 'n mate dat die rigting waarin die hooftakke van industrieë in hierdie lande moet ontwikkel, bepaal word …

Daar is twee weë van internasionale samewerking. Een weg is gegrond op die ontwikkeling van politieke en ekonomiese verhoudings tussen state met gelyke regte … Daar is nog 'n weg van internasionale samewerking, gegrond op die oorheersende (dominerende) posisie van een of verskeie sterk Magte, met betrekking tot ander lande, wat daardeur in die posisie van een of ander soort ondergeskikte (kleiner) staat verval, van onafhanklikheid ontneem.

Waarna sal die verwesenliking (uitvoering) van die Frans-Britse voorstel … lei? Dit sal na niks lei nie. Dit sal lei na waar Brittanje, Frankryk en die groep lande wat hulle volg van Europa afskei, wat Europa dan in twee groepe state sal verdeel.'

Soos deur Molotov gestel is, was die hoofrede vir Sowjet-verwerping van die Marshall-plan die Anglo-Franse aandrang op 'n sentraal gekoördineerde program van Amerikaanse hulp.

[Uit *Moscow and the Marshall Plan: Politics, Ideology and the Onset of the Cold War* deur G Roberts]

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE LANDE IN DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n boek met die titel, *Africa-Altered States – Ordinary Miracles*, deur R Dowden. Dit verduidelik die redes vir buitelandse inmenging in die Angolese Burgeroorlog.

Terwyl Frankryk in die 1960's sy Afrika-kolonies aan Afrika-leiers oorhandig het, het Marcelo Caetano, die Portugese diktator wat in 1968 Antonio de Oliveira Salazar opgevolg het, besluit om aan te bly en te veg. Hy het verklaar dat Portugese besittings nie kolonies is nie, maar deel van Portugal is. Om die Portugese ryk in stand te hou, moes Caetano duisende dienspligtige jongmans na Afrika stuur om oorlog te maak. Omtrent die helfte van die Portugese begroting is teen die vroeë 1970's op militêre pogings in Afrika spandeer. Die Portugese generaals het geweet dat die onafhanklikheidsoorloë nie gewen kon word nie en het op 25 April 1974 'n staatsgreep uitgevoer en Caetano omvergewerp. Portugal se Afrika-kolonies is skielik in onvoorbereide en twyfelagtige onafhanklikheid ingedruk.

In Januarie 1975 … het Angola se drie bewegings 'n magsdeling-vredesooreenkoms geteken; hulle het feitlik onmiddellik met mekaar begin oorlog voer. Die Amerikaners het die National Liberation Front of Angola (FNLA) ondersteun, die Sowjette en Kubane die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) en die Suid-Afrikaners die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA). Die Kubane het vliegtuigvragte vol soldate gestuur en in reaksie hierop het die Suid-Afrikaners Angola vanaf die suide ingeval, met die aanmoediging van die Amerikaners, maar hulle is deur die magtige Kubaanse vuurkrag teruggeslaan.

Die Amerikaners het nie opgegee nie. Dit was die Koue Oorlog en daar moes oor elke duim van die aardbol met die Sowjetunie kragte gemeet word. Hulle wou Angola vir die Russe ontsê (weier), nie net oor hulle olie nie. Angola het goeie hawens aan die Atlantiese seekus reg teenoor Amerika en die moontlikheid van 'n Russiese vlootbasis daar het die Amerikaanse regering bekommer.

[Uit *Africa-Altered States – Ordinary Miracles* deur R Dowden]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is uit die boek *The First Dance of Freedom – Black Africa in the Post-War Era* deur M Meredith geneem. Dit gee 'n breedvoerige verslag van die redes vir die VSA se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog.

Die Amerikaners het aanvanklik (eers) net 'n terloopse (toevallige) belangstelling in Angola getoon. Die Amerikaanse Intelligensiediens ('Central Intelligence Agency (CIA)') het in Julie 1974 weer begin om in die geheim fondse aan die FNLA te stuur, maar die aanvraag na wapens van beide die FNLA en UNITA is afgekeur. Toe Russiese hulp aan die MPLA hervat is, het die CIA die Amerikaanse regering gedruk vir groter Amerikaanse ondersteuning van die FNLA. Ná die Alvor Ooreenkoms in Januarie 1975 onderteken is, het die CIA magtiging (goedkeuring) gekry om 'n geheime toekenning van US$300 000, aan die FNLA te maak, hoofsaaklik om Roberto te help om sy stempel op die oorgangsregering af te druk. Die geld, wat in Maart beskikbaar gestel is, is gedeeltelik deur die FNLA gebruik om 'n televisiestasie en 'n daaglikse koerant in Luanda aan te skaf. Hierdie sigbare ooreenkomste het onmiddellik aandag getrek na die moontlikheid dat die CIA ernstig tot die stryd (konflik) kon toetree.

Teen die middel van Julie het die balans op die slagveld in Angola egter nie net beslissend in die guns van die MPLA geswaai nie, die Amerikaanse perspektief (standpunt) oor die Angolese konflik het ook radikaal verander. Die Amerikaanse nederlaag in April 1975 in Viëtnam het hulle prestige (aansien) in die wêreld ernstig geskaad (beskadig), en die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger, was angstig om nuwe maniere te vind om Amerika se gesag te herstel. Kissinger het nooit tevore in Afrika-kwessies belang gestel nie. Hy het in werklikheid altyd Afrika, in vergelyking met die groot teaters van Viëtnam en die Midde-Ooste, as 'n vermorsing van tyd beskou. Maar die opkoms van Sowjet-invloed in Angola het sy aandag getrek.

Kissinger het geredeneer dat tensy Amerika Sowjet-aktiwiteite in gevalle soos Angola teenstaan, die groter globale magsbalans tussen die twee supermoondhede benadeel sou word.

[Uit *The First Dance of Freedom – Black Africa in the Post-War Era* deur M Meredith]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n onderhoud met P Gleijeses (Geskiedenis-professor by John Hopkins University) wat op 19 November 2021 deur D Denvir gevoer is. Dit werp lig op waarom Kuba en Suid-Afrika in die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke was.

**DANIEL DENVIR:** Daardie Suid-Afrikaanse inval sou suksesvol gewees het as Kuba nie 36 000 soldate gestuur het om die Suid-Afrikaanse Weermag uit te druk nie. Hoe het daardie eskalasie (toename) gebeur, waar het die Kubaanse soldate vandaan gekom, en waarom was Kubaanse ingryping op die veld so deurslaggewend?

**PIERO GLEIJESES:** 'n Kubaanse militêre sending het in Augustus saam met die eerste elemente van bystand aangekom, en die grootste deel van die sending het in Oktober aangekom. Maar militêre adviseurs kan nie 'n inval keer nie. Jy het soldate nodig om dit te kan doen. Terwyl die Suid-Afrikaners vroeg in November 1975 langs die kus opbeweeg/opgeruk het, het Angola 'n desperate beroep (versoek) vir hulp op Kuba gedoen. Die militêre sending het ook vir Fidel [Castro] gesê dat die Kubane iets moes doen want Luanda sou val.


Fidel het op 4 November besluit om soldate na Angola te stuur. Die Sowjetunie was omgekrap (kwaad) omdat hulle nie Kubaanse inmenging wou hê nie. Hulle het hulle ergernis (woede) getoon deur nie te help om soldate na Angola te stuur nie.

Die Suid-Afrikaners was gewillig (bereid) om te eskaleer (uit te brei), maar daar was 'n paar dinge wat hulle in ruil daarvoor by die Ford-(Amerikaanse President)administrasie wou hê. Eerstens, indien die Sowjetunie sou inmeng, wou hulle hê dat Amerika moes ingryp. Hulle tweede eis was dat Amerika openlik en ten volle die Suid-Afrikaanse inval in Angola moes goedkeur. Kissinger en Ford het besluit dat hulle nie kon bekostig om dit te doen nie as gevolg van die rassesituasie in Amerika en Amerika se aansien.

[Uit Die Jacobin-radio-podsending: 'The Dig': *When Cuba Provided Crucial Military Aid to African Independence Movements*]

**BRON 2D**

Die spotprent hieronder is in 1985 deur E Hulme geteken wat vir die *Fort Worth Star Telegram*-koerant gewerk het. Dit beeld die leier van Kuba, Fidel Castro, as 'n eienaar van 'n geweerwinkel uit wat gewere volgens maklike betalingsvoorwaardes aan onder andere Angola en ander lande verkoop.




[Uit *Fort Worth Star Telegram*, 1985]

**FIDEL CASTRO**

**MAKLIKE BETALINGS-VOORWAARDES**

**ANGOLA**

**FIDEL'S GUN SHOP = FIDEL SE GEWEERWINKEL**
**OPEN COME IN = OOP KOM BINNE**
**CONCESSIONS SPOKEN = KONSESSIES/TOEGEWINGS GEMAAK**
**ALL MAJOR HERMISPHERES ACCEPTED = ALLE GROOT HEMISFERE AANVAAR**
**REVOLUTION REDUCTION SALE = REWOLUSIE-AFSLAG-VERKOPING**

**VRAAG 3: HET DIE VRYHEIDSOMERVELDTOG IN DIE 1960's DAARIN GESLAAG OM KIESERSREGISTRASIEUITDAGINGS WAARVOOR SWARTES (SWART AMERIKANERS) IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) TE STAAN GEKOM HET, TE OORKOM?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek, *Free at Last, A History of the Civil Rights Movement …,* deur S Bullard geskryf. Dit fokus op redes waarom burgerregte-aktiviste in die Suidelike State van die VSA in 1964 die Vryheidsomerveldtog in Mississippi onderneem het.

Alhoewel swartes* byna die helfte van die bevolking in Mississippi uitgemaak het, was slegs vyf persent geregistreer om te stem. In sommige distrikte was geen swart persoon geregistreer nie. Swart stemreg het 'n belangrike doelwit van die Burgerregtebeweging geword. Burgerregteaktiviste het geweet dat 'n paar hoogs gepubliseerde integrasieveldtogte nie die beweging sou volhou nie. Slegs deur die opbou van aansienlike stemkrag, sou swartes in die Suide druk op die regering kon uitoefen om hul regte te beskerm. Verskeie vooraanstaande burgerregtegroepe het hulle kragte saamgespan om die Council of Federated Organisations (COFO)-kiesers-registrasieprojek te stig. COFO-werkers het swartes gehelp om die ingewikkelde registrasievorms in te vul. Hulle het ook arm mense gehelp om regeringshulp te kry en het swart kinders geleer om te lees en te skryf.

As gevolg van die COFO se pogings, het die getal swart kiesers in die Suide voortdurend gestyg. Maar dit was 'n lang opdraande stryd teen 'n moeilike stel struikelblokke. Baie swartes was bang vir vergelding (straf) of is deur die ingewikkelde vereistes van registrasie geïntimideer. COFO-aktiviste het al hoe meer gefrustreerd geraak. In plaas daarvan om swartes te leer hoe om aan ongrondwetlike wette te voldoen, wou hulle die wette heeltemal verander. Tog het hul eise vir nuwe federale wetgewing onbeantwoord gebly.


Die COFO het in 1964 'n veldtog, met die naam Vryheidsomer, bekend gestel om aandag op stemregmisbruik te vestig. 'n Duisend kollegestudente – die meeste van hulle wit – is na Mississippi gebring om kiesers te registreer en in Vryheidskole te onderrig. Swart kiesers het onder baie jare se onderdrukking gely en die struikelblokke om te stem was steeds daar, terwyl die wit vrywilligers vir stemaktiwiteite aangerand of gearresteer is.

[Uit *Free at Last, A History of the Civil Rights Movement and those who died in the struggle* deur S Bullard]

***SWARTES – SWART AMERIKANERS**

**BRON 3B**

Die spotprent hieronder is deur R Armstrong geteken. Dit beeld 'n kiesersregistrasie-amptenaar uit wat in 1964 'n swart Amerikaner deur 'n geletterdheidstoets vir kieserregistrasie in Mississippi neem.




[Uit https://flowvella.com/s/1xdm/5E511C2B-E1C2-4CA2-A962-4D20C7B81539
[Toegang op 22 Februarie 2023 verkry.]

| |
|---|
| **THE LATEST LITERACY TEST FOR BLACK VOTERS … = DIE NUUTSTE GELETTERDHEIDSTOETS VIR SWART KIESERS …**<br><br>**HOW MANY SUPREME COURT JUSTICES DOES IT TAKE TO DENY YOU THE RIGHT TO VOTE? = HOEVEEL HOOGGEREGSHOFREGTERS NEEM DIT OM JOU VAN JOU STEMREG TE ONTNEEM?**<br><br>**COUNT THE JELLY BEANS = TEL DIE JELLIEBONE** |

**BRON 3C**

Die bron hieronder is geneem uit 'n berig wat op 6 Oktober 2017 in *The Washington Post*-koerant verskyn het. Dit fokus op die ondervindings van Fannie Lou Hamer, die burgerregtestryder, 'n leier van die Mississippi Freedom Democratic Party, toe sy probeer het om diskriminerende kiesersregistrasietoetse te slaag.

… Toe Fannie Lou Hamer in 1962 probeer het om te registreer om te stem, was daar geen gekose swart amptenare in die distrik nie. 'Ek skat dat as ek enige verstand gehad het, ek 'n bietjie bang sou wees oor die aand in Augustus 1962 toe ek 'n vergadering van die Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC) bygewoon het en vrywillig aangebied het om die volgende dag hof toe te gaan om as kieser te probeer registreer. Maar wat was die punt daarvan om bang te wees? Die enigste ding wat die wittes kon doen, was om my dood te maak, en dit het gelyk asof hulle sedert ek kon onthou dit bietjies-bietjies probeer doen het.'

As gevolg van haar vermoë om te lees en skryf, het sy as 'n 'tydhouer' werk gekry in 'n deelsaaierystelsel wat ontwerp is om swartes in die skuld te hou. Slegs Hamer en Ernest Davis is in die klerk se kantoor toegelaat om te registreer. Hulle moes 'n geletterdheidstoets afneem wat ontwerp was om swart mense te ontmoedig om te stem. Hulle moes sê vir wie hulle werk en waar hulle woon – inligting wat die Ku Klux Klan dikwels gebruik het om swart mense wat gepoog het om te registreer om te stem, te vind en te intimideer. Sy en Davis het die geletterdheidstoets gedruip. Sy het die klerk laat weet dat sy sou terugkom. Toe Hamer daardie dag na die plantasie terugkeer, is sy ontslaan. Hamer het 'n SNCC-gemeenskapsorganiseerder geword en gehelp om die Mississippi Freedom Democratic Party te stig.

Sy het in 1964 vir die Kongres as 'n kandidaat van die Mississippi Freedom Democratic Party teen die sittende Demokratiese lid, Jamie L Whitten, gestaan. 'My teenstander het niks gedoen om Negers in die Tweede Kongregasiedistrik te help nie,' het Hamer in 'n veldtogtoespraak gesê. 'As ek as kongreslid verkies word, sal dinge anders wees. Ons is siek en sat daarvan om siek en sat te wees. Die Negers in die stad Mississippi ly al vir soveel jare.'

[Uit *The Washington Post*, 6 Oktober 2017]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n berig met die titel 'The Freedom Summer of 1964 Launched a Voting Right Revolution', geskryf deur RL Uyeda, en het op 3 Junie 2019 in die *Teen Vogue Magazine* verskyn. Dit verduidelik die reaksie van die heerssugtiges (wit rassiste) en die federale regering op die 1964 Vryheidsomer- veldtog in Mississippi.

Die Mississippi-regering het in 1964 sonondergang-tot-sonopkoms-aandklokreëls (beperkings) ingestel en gepoog om die implementering van die Vryheidskole te verban in reaksie op die groeiende mag van die Burgerregtebeweging. Lidmaatskap van die staat se Ku Klux Klan (KKK) het regoor die staat toegeneem; in een aand het die Ku Klux Klan in 64 van die staat se 82 distrikte kruise aan die brand gesteek. In net meer as twee maande is 37 swart kerke gebombardeer of aan die brand gesteek en vele mense is vermoor, onder andere burgerregtewerkers James Chaney, Andrew Goodman en Michael Schwerner. Tientalle mense is aangerand en gearresteer. Die hoofsekretaris van die National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP) in Mississippi, Medgar Evers, is ook in daardie jaar vermoor.

Pogings tot intimidasie (geboelie) deur die brand of bombardering van swart kerke in die Suide was algemeen, en rassistiese 'apart maar gelyk'-wetgewing is net 'n dekade tevore omgekeer, alhoewel dit nie volhouding van die praktyk gestop het nie. Maar, in plaas daarvan om aan vrees oor te gee, het aktiviste hul nasionale profiel vergroot.

Die Vryheidsomer het net 10 weke geduur, maar die aktivisme en geweld van die somer het die federale regering gedruk om op te tree en 'n nasionale beweging laat ontstaan. Die volgende jaar, in 1965, het President Lyndon Johnson die 'Voting Rights Act' (Wet op Stemreg) geteken, wat al die hindernis- en intimidasietaktieke wat teen potensiële swart en laeinkomste-kiesers, soos hoofbelasting, geletterdheidstoetse, vraelyste en die dreigement van geweld, onwettig gemaak het. Slegs 6,7% swart kiesers in Mississippi, wat gekwalifiseer het om te stem, was in 1964 geregistreer.

[Uit *Teen Vogue Magazine,* 3 Junie 2019]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bullard, S. 1990. *Free at Last, A History of the Civil Rights Movement and those who died in the struggle* (Oxford University Press, United Kingdom)

Burnet, A. 2006. *Book of Great Speeches* (Chambers Harrap Publishers Ltd, Londen, UK)

Denvir, D. Die Jacobin Radio-podsending: 'The Dig': *When Cuba Provided Crucial Military Aid to African Independence Movements*

Dowden, R. 2008. *Africa-Altered States – Ordinary Miracles* (Portobello Books Ltd., Holland Park, Londen)

*Fort Worth Star Telegram*, 1985

https://flowvella.com/s/1xdm/5E511C2B-E1C2-4CA2-A962-4D20C7B81539

Meredith, M. 2011. *The First Dance of Freedom – Black Africa in the Post-War Era* (Jonathan Ball Publishers, Jeppestown)

Roberts, G. 1994. *Moscow and the Marshall Plan: Politics, Ideology and the Onset of the Cold War, 1947* (Taylor & Francis, Ltd.)

Steil, B. 2018. *The Marshall Plan: Dawn of the Cold War* (Oxford University Press, United Kingdom)

*Teen Vogue Magazine,* 3 Junie 2019

*The Gazette*, 1948

*The Washington Post*, 6 Oktober 2017

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 28 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

__________ . ________________________ . ________________________
__________________________________________ . ________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ____________________
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

## GLOBALE NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN IN 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) BYGEDRA?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - L1]*

(a)

- '... om vrye handel en ope markte te bevorder ...' (1 x 1) (1)

(b)

- '... om waar hulle ook al kon kommunisme te versprei' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 1A - V1]*

- 'n Politieke teorie/ideologie gebaseer of die skrywe van Karl Marx met die doel op 'n klaslose samelewing in Europa om van die vernietiging van die Tweede Wêreldoorlog te herstel
- 'n Ekonomiese stelsel waar Europa die land, fabrieke, besittings en rykdom vir alle Europese lande besit en beheer sodat hulle herstel van die vernietiging wat deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '... die bevolking van Europa - wie se stemme nodig was om hul lande se deelname aan die program goed te keur-was sterk gekant teen die vooruitsigte om tussen ideologies te kies …'
- ‘ bevrees dat toenemende Sowjet-Amerikaanse spanning tot nog 'n wêreldoorlog sou lei’
- '... die kwessie van binnelandse goedkeuring' (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die Kongres was nie bereid/uitgeput om buitelandse hulp aan Europa goed te keer nie omdat dit gevoel het hulle genoeg bygedra het tot die verbetering van die Europese ekonomie
- Die Kongres voel dat die hulp wat hulle aan Europa gebied het nie enige veranderinge gebring het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- '... om die situasie te verbeter... '
- '... om die Europese wêreld op hulle weg na herstel te help' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Hierdie is die Europeërs se saak'
- 'Ek dink die inisiatief moet van die Europa af kom'
- 'Die program moet 'n gesamentlike een wees, waarmee 'n aantal, indien nie alle Europese nasies saamstem' (3 x 1) (3)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - V2]*

- Die VSA sal hulp aanbied sonder politieke motiewe
- Die hulp wat die VSA gaan aanbied sal geen bymotiewe het nie/skuil agter sy hulp aan Europa
- Kommunistiese lande kon ook voordeel tref uit die Marshall Plan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dit was deur die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog vernietig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Analise van bewyse uit Bron 1C- – V2]*
- Om Europa te help om ekonomies te herstel/ armoede uit te wis/verlig
- Om die verspreiding van kommunisme na ander Europese lande te stop
- Om dollar-diplomasie te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3. *[Analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*
**Verteenwoordig**
- Finansiële hulp aan Europese lande
- Kapitalisme as 'n ideologie van die Weste
- Simbool van hoop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- '... dit was definitief 'n verwerping van die Marshall-plan
- ‘Die kwessie van Amerikaanse ekonomiese hulp … dien as 'n dekmantel (verskoning) vir die Britse en Franse regerings om aan te dring op die stigting van 'n nuwe organisasie...’

(enige 1 x 1) (1)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V1- V2]*
- Dit sou veroorsaak dat Europese lande van die VSA afhanklik wees
- Dit sou kommunistiese invloed op Europese lande beëindig
- Die vyand (Duitsland) sou voorsien was van middele om te herstel en 'n dreigement word langs die grens van die Sowjetunie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- '... gebaseer op die ontwikkeling van politieke en ekonomiese verhoudings tussen state met gelyke regte…'
- '... gebaseer op die oorheersende posisie van een of vele sterk Magte, in verhouding tot ander lande' (2 x 1) (2)

1.4.4 *[Definisie van historiese term uit Bron 1D – V1]*

- 'n staat waar lande onafhanklike(self) beheer oor eie politieke, ekonomiese, geregtelike en sosiale sfere van die lewe uitoefen
- 'n Situasie waar daar geen inmenging in die binnelandse sake van ander lande is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.5 *[Bepaal die beperking van Bron 1D – V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Dit verteenwoordig slegs die Sowjetunie se regering se standpunt-wat die Marshall-plan verwerp
- Die skrywer is Molotov (Sowjetunie Buitelandse Sake Minister) wat nie die Marshall-plan ondersteun nie
- Dit is bevooroordeeld teenoor die Marshall-plan omdat sy doel was om dit te kritiseer as 'n wapen van inmenging in die binnelandse sake van ander lande
- Die taalgebruik bv., voorgestelde leidende vraag soos... 'Waarna sal die verwesenliking van die Frans-Britse voorstel lei? Dit sal na niks lei nie' bedoel dat dit die kapitaliste wou diskrediteer

Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en 1D om verskille te bepaal – L3]*

- Bron 1C beeld Europa as 'n donker kontinent uit gereed om hulp van die Marshall Plan te ontvang terwyl Bron 1D na die stigting van die Marshall Plan om in die binnelandse sake van ander lande in te meng verwys
- Bron 1C wys die Marshall-plan met VS dollar tekens wat bedoel is om Europa na sy ekonomiese herstel te ondersteun terwyl Bron 1D die Marshall-plan beskou as 'n dekmantel om Europa te domineer
- Bron 1C verwys na die Marshall-Plan in 'n positiewe nuwe lig in die Weste waarin Molotov die Marshall-Plan verwerp as gevolg van sy negatiewe inmenging in Bron 1D
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie het verskillende houdings ten opsigte van hulle politieke doelwitte vir na-oorlogse Europa ingeneem (Bron 1A)
- Die VSA deur middel van die Marshall-plan beoog om om vrye handel en ope markte (kapitalisme) te bevorder om kommunisme te onderdruk (Bron 1A)
- As die Marshall-plan deur Europese kiesers sou aanvaar word, moet dit nie in die konteks van 'n Sowjet-Amerikaanse konflik vasgevang word nie (Bron 1A)
- Die meeste lede van die Amerikaanse Kongres sou finansiële hulp aan die Marshall-Plan ondersteun omdat hulle stoere/sterk anti-kommunisties is. (Bron 1A)
- Die VSA was bereid om als deur die Marshall-plan te doen om politieke en ekonomiese stabiliteit te handhaaf (Bron 1B)
- Die VSA was gereed om enige regering teen te staan wat beskou kon word dat dit ellende veroorsaak om polities of anders voordeel daaruit tref (eie kennis)
- Die Weste beskou die Marshall-plan as 'n nuwe lig vir die donker kontinent van Europa (Bron 1C)
- Die Marshall-plan word as 'n lewenslyn vir Europese lande uitgebeeld deur die Amerikaanse dollars in vergelyking met kommunisme (Bron 1C)
- Die Marshall-plan was gebruik om kapitalisme teen kommunisme in Europa te verskans (eie kennis)
- Die Sowjetunie wou die fondse beheer wat Duitsland van die Marshall-plan ontvang (eie kennis)
- Die Sowjetunie verwerp die Marshall-plan (Bron 1D)
- Die VSA het voortgegaan om die Marshall-plan te implementeer ten spyte van teenkanting van die Sowjetunie (eie kennis)
- Die Sowjetunie sien die Marshall-plan as 'n verskoning deur die VSA om in die binnelandse sake van Europese lande in te meng (Bron 1D)
- Die Sowjetunie sien die Marshall-plan as 'n plan om die rigting te bepaal waarin Europese industrie moet ontwikkel ( Bron 1D)
- Die Sowjetunie sien die VSA oorheers ander lande en poog om hulle van hul onafhanklikheid te ontneem (Bron 1D)
- Die Sowjetunie sien dat die Marshall-plan Europa in twee vyandige kampe verdeel (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die Marshall-plan tot koue oorlog spanning tussen die Sowjetunie (USSR) en die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1947 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die Marshall-plan tot koue oorlog spanning tussen die Sowjetunie (USSR) en die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1947 bygedra het**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Marshall-plan tot koue oorlog spanning tussen die Sowjetunie (USSR) en die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1947 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE LANDE IN DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Marcelo Caetano' (1 x 1) (1)

**DO NOT MARK**

2.1.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 2A –V1]*

- 'n Leier wat totale beheer oor 'n land uitoefen/akkommodeer geen opposisie/Forseer
- 'n Leier wat deur bevele nie deur 'n grondwet van die land regeer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*

- 'National Front for the Liberation of Angola (FNLA)'
- 'Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA)'
- 'National Union for the Total Independence of Angola (UNITA)' (3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die VSA wou die FNLA en UNITA gebruik om kapitalisme in Angola te beskerm
- Die VSA was vasbeslote om die verspreiding van kommunisme in Angola te stop
- Om die VSA se ekonomiese belange in Angola te beskerm
- Enige ander relevante antwoord ( enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*

- 'Toe Russiese hulp aan die MPLA hervat is' (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om Roberto se FNLA wat deur die VSA ondersteun was te versterk
- Sodat die FNLA VSA kapitalistiese propaganda deur 'n televisiestasie en koerant versprei/ begin kapitalistiese media propaganda
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2B – V2]*

- Die tydelike regering wat deur die MPLA, FNLA en UNITA in Angola gestig was ter voorbereiding vir die verkiesings in 1975
- Die tydelike regering wat in Angola begin is na die Alvor Ooreenkoms in Januarie 1975 geteken was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die VSA moes sy rol as verdediger van demokrasie in Angola behou
- Die VSA besluit om 'n groter rol in die Angolese burgeroorlog te speel omdat dit sy posisie as wêreldleier behou
- Die VSA wou sy reputasie as rolspeler terugkry
- Die VSA voorsien die FNLA met finansiële en militêre hulp om die verspreiding van kommunisme in Angola te stop

Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Daardie Suid-Afrikaanse inval sou onsuksesvol gewees het'

(1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- '... terwyl Suid-Afrikaners langs die kus op beweeg/opgeruk het...'
- '...want Luanda sou val' (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C –V1]*
- '... indien die Sowjetunie sou inmeng, wou hulle hê dat die Amerika moes ingryp...'
- '... dat Amerika openlik en ten volle die Suid-Afrikaanse inval in Angola moes goedkeur...' (2 x 1) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C –V2]*
- Dit was 'n geheime militêre operasie
- Om die Suid-Afrikaanse weermag te versterk sodat hulle die Kubaanse en Angolese weermagte/leërs verslaan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Bepaal betroubaarheid van Bron 2C –V3]*
**Die bron is BETROUBAAR want**
- Is geneem uit 'n onderhoud tussen Piero Gleijeses en D Denvir (eerstehandse inligting/direkte bron)
- Die ondervraagde Piero Gleijeses is 'n Geskiedenis Professor
- Sy doel is om besonderhede oor Kuba en Suid-Afrika se deelname in die Angolese burgeroorlog te gee
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Dit hou verband met Kuba se idee van militêre internasionalisme(ondersteun ander lande militêr)
- Dit impliseer dat Kuba gereed was om revolusies oral in die wêreld te ondersteun Angola ingesluit.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - L2]*

- Kuba het nie baie finansieel van Angola verwag in ruil vir sy ondersteuning om die kommunistiese ideologie te beskerm nie
- Fidel Castro was bereid om dit maklik te maak vir lande soos Angola wat wapens genodig het deur maklike betalingsvoorwaardes aan te bied
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Ontspan en gereed om militêr uit te help
- Gereed om ondersteuning aan te bied om revolusies oral in die wêreld deur maklike betalingsvoorwaardes te ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en 2D - L3]*

- Bron 2C noem dat Kubaanse intervensie in Angola beslissend was omdat hulle daarin kon slaag om die Suid-Afrikaanse weermag uit te druk en Bron 2D wys dat Castro wapens en militêre ondersteuning aan Angola verskaf
- Bron 2C verwys na Angola wat 'n desperate beroep op Kuba gedoen het vir hulp in Bron 2D toon Castro (Kuba) se geweerwinkel gereedheid om Angola te help met woorde soos 'Oop Kom Binne', 'Maklike Betalingsvoorwaardes', 'Konsessies Gemaak', 'Revolusie-afslagverkoping' en 'Alle groot Hemisfere Aanvaar'
- Beide bronne lê klem op Castro (Kuba) se gereedheid om Angola te ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Aan die einde van kolonialisme in Angola, het die drie nasionalistiese bewegings in Angola (MPLA,FNLA en UNITA, amper oorlog teen mekaar gevoer as gevolg van verskillende ideologies ( Bron 2A)
- Die Suid-Afrikaners en Kubaanse het onmiddellik in Angola betrokke geraak (Bron 2A)
- Die VSA ondersteun die kapitalistiese FNLA, die Sowjetunie en Kuba ondersteun kommunistiese MPLA en Suid-Afrika ondersteun kapitalistiese UNITA (Bron 2A)
- FNLA is ook deur China ondersteun (eie kennis)
- Buitelande was in Angola se minerale geïnteresseerd (eie kennis)
- Die VSA word onrustig toe die MPLA na die Sowjetunie uitreik vir hulp (Bron 2B)
- Die VSA verskaf finansiële ondersteuning aan die FNLA se Roberto Holden om 'n indruk in die oorgangsregering te maak (Bron 2B)
- Die VSA se hoof bekommernis was dat die Sowjet oorwinning in Angola die magsbalans in die wêreld omkrap (Bron 2B)
- Die VSA vrees die domino teorie neem Afrika oor (eie kennis)
- Die VSA se reputasie was skadu gelei deur sy nederlaag in die Viëtnamese oorlog (Bron 2B)
- VSA se nederlaag in Vietnam maak Kissinger bekommerd, hy voel dat die voormalige 'n sterker toon van mag in Angola moes wys om Amerika se gesag te herstel (Bron 2B)
- Suid-Afrikaners tree in omdat hulle die Sowjette en Kubaanse betrokkenheid as deel van 'n kommunis plan beskou wat Suidelike Afrika wou oorheers (Bron 2C)
- Suid-Afrika ondersteun die FNLA en UNITA omdat hulle hulself verbind het om die MPLA teen te staan (eie kennis)
- Suid-Afrika werf ondersteuning by die VSA deur 'n anti-kommunis standpunt in Angola in te neem (Bron 2C)
- Die Kubane verskaf wapens aan Angola om 'n Suid-Afrikaanse inval te voorkom (Bron 2D)
- Kuba was deur sy idee van militêre internasionalisme gedryf (ALLE GROOT HEMISFERE AANVAAR) om oral in die wêreld ondersteuning te bied (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van waarom buitelandse lande by die Angolese burgeroorlog in die 1970s betrokke geraak het.** Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van waarom buitelandse lande by die Angolese burgeroorlog in die 1970s betrokke geraak het.** Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom buitelandse lande by die Angolese burgeroorlog in die 1970s betrokke geraak het.** Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HET DIE VRYHEIDSOMERVELDTOG IN DIE 1960s DAARIN GESLAAG OM KIESERSREGISTRASIEUITDAGINGS WAARVOOR SWARTES (SWART AMERIKANERS) IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) TE STAAN GEKOM HET, TE OORKOM?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Alhoewel swartes* byna die helfte van die populasie/bevolking in Mississippi opmaak, was slegs vyf present geregistreer om te stem'
- 'In sommige streke, was geen swart persoon geregistreer om te stem nie'
- '...druk op die regering kon uitoefen om hul regte te beskerm'

(enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- '... ingewikkelde registrasievorms te voltooi'
- '... help ook arm mense om hulp van die regering te kry ...'
- '... leer swart kinders hoe om te lees en skryf.' (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- As gevolg van COFO se pogings' (1 x 1 (1)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
**Dat:**
- Die Burgerregtebeweging was nie-rassisties
- Dit was 'n stryd in die VSA waar inwoners geëis het dat almal stemreg moet het
- Meeste van die wit burgerregte aktiviste het by die swart Amerikaners aangesluit om diskriminasie in die VSA te beëindig
- Die wit studente was daartoe verbind om toe te sien dat swart Amerikaners nie deur geletterdheidstoetse moes gaan nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dit verteenwoordig die federasie van state van die VSA
- Dit verteenwoordig stede in die Suide wat meer diskriminerend as in die Noorde was'
- Dit verteenwoordig wit oppergesag/heerskappy
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - V2]*
- Dit was nie standaard geletterdheidstoetse nie
- Die moeilikheidsgrade van die kiesers registrasie geletterdheidstoetse was gereeld verander om toe te sien dat swart Amerikaners nie slaag nie
- Nuwe kiesers registrasie geletterdheidstoetse was ontwerp om toe te sien dat swart Amerikaners nie vir die stem kwalifiseer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - V2]*
- Vrae wat gestel is, het geen verbintenis met enige aspek van stem gehad nie
- Die vrae is opsetlik moeilik gemaak om te voorkom dat swart Amerikaners nie kan stem nie
- Die druipgsyfer was te hoog en regverdig die feit dat swart Amerikaners nie in die verkiesings proses deelneem nie
- 'n Bottel met die merk TEL DIE JELLIEBONE dien as voorbeeld van 'n onregverdige vraag
- Bevorder diskriminasie teen swart Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - V1]*
- 'was daar geen gekose swart amptenare in die distrik nie'
- 'die enigste ding wat die wittes kon doen, was om my dood te maak'

(enige1 x 1) (1)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Sy was doelbewus laat druip om swart Amerikaners te ontmoedig om vir die stem te registreer
- Die geletterdheidstoetse is opsetlik ingewikkeld en moeilik gemaak om dit te kan slaag
- Die Federale regering wou toesien dat min swart Amerikaners kwalifiseer vir die stem ongeag hul vermoë om te kan lees en skryf
- Sy het die geletterdheidstoets gedruip omdat sy deur die KKK geïntimideer was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Definisie van historiese term uit Bron 3C-V1]*
- Georganiseerde aksie vanuit die samelewing wat daarop gemik is om 'n sekere doel te bereik
- Niegewelddadige aksie ten opsigte van 'n spesifieke eis
- Mobilisering van die samelewing om 'n sekere doelwit te bereik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 3C-V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**
- Die uittreksel het direkte woorde wat deur Fannie Lou Hamer geopper is
- Dit het in 'n nasionale koerant verskyn- *The Washington Post*
- Fannie Lou Hamer was 'n aktivis van die Burgerregte, 'n lid van die SNCC en stigter van die Mississippi Freedom Democratic Party
- Dit werp lig op die uitdagings wat swart kiesers in die gesig gestaar het as gevolg van die kiesers registrasie toetse
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B beeld 'n swart Amerikaanse persoon uit wat deur 'n moeilike kiesers registrasie geletterdheidstoets gaan en Bron 3C stel voor dat dit van swart Amerikaners verwag was om 'n geletterdheidstoets te ondergaan om hulle te ontmoedig om te stem/Beide bronne wys hoe swart Amerikaners ingewikkelde kiesers registrasie geletterdheidstoetse moes ondergaan
- Bron 3B wys 'n bottel met die merk Tel die jelliebone as 'n vereistes wat voldoen moet word om vir die stem te kwalifiseer en in Bron 3C was swart Amerikaners geïntimideer deur antwoorde te verskaf vir persoonlike vrae om vir die stem te kwalifiseer
- Beide bronne noem hoe swart Amerikaners geïntimideer was deur die rassistiese regering amptenare gedurende hul kiesersregistrasie tydperk
- Beide bronne verduidelik hoe die VSA se grondwet deur die federale stede misken word en hoe dit nie daarin slaag om die regte van swart Amerikaners te beskerm nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D- V1]*

- '... sonop tot sonondergang aandklokreël ingestel (beperkings) ...'
- '... gepoog om die implementering van die VryheidSkole te verban.'

(2 x 1) (2)

3.5.2 *[onttrekking van bewyse uit Bron 3D- V1]*

- 'James Chaney'
- 'Andrew Goodman'
- 'Michael Schwerner'
- ‘Medger Evers’ (enige 3 x 1) (3)

3.5.3 *[Verduideliking van historiese term uit Bron 3D- V2]*

- Stelsel van magsdeling tussen die gesentraliseerde nasionale regering en plaaslike staatsregering in die VSA
- Gesentraliseerde regering wat verantwoordelik is om wet en orde en die algemene welstand van die VSA se burgers te handhaaf
- Gesentraliseerde vorm van regering wat beperkte en basiese wetgewende, uitvoerende en regterlike magte aan staatsregerings toelaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D- V2]*

Baie swat Amerikaners

- is uitgesluit omdat omtrent die helfte van die bevolking swart Amerikaners was
- het bedreig gevoel en was bang om te stem
- was ontmoedig deur onregevrdige geletterdsheidstoetse
- was bang vir die geweld deur die KKK
- wat geregistreer is om te stem was onaanvaarbaar laag
- kon gelees en skryf het om die kiesersregistrasie geletterdheidstoetse te slaag
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
**SUKSESVOL**

- Duisende college studente-die meerderheid wittes was na Mississipi gebring om kiesers te registreer en in Vryheidskole te onderrig ( Bron 3A)
- Fanie Louw het gestaan vir Kongres as Mississipi Freedom Demokratiese Party leier ( Bron 3C)
- Lei tot die groeiende mag van die BurgerregteBeweging ( Bron 3D)
- Aktiviste verhoog hul nasionale profiel ( Bron 3D)
- Het stigting van ‘n nasionale beweging aangewakker( Bron 3D)
- President Lyndon Johnson onderteken die Stemregwet in 1965( Bron 3D)

**NIE SUKSESVOL**

- Die meerderheid swart Amerikaners was belet om te registreer om te stem in Mississippi en ander Suidelike stede (Bron 3A)
- Ingewikkelde en moeilike kiesersregistrasietoetse (Bron 3A en 3B)
- Meeste van die swart Amerikaners in die Suidelike stede was ongeletterd (Bron 3A)
- Wit student aktiviste was aan polisie brutaliteit blootgestel gedurende kiesersregistrasie veldtogte (Bron 3A)
- Die media was deur die polisie geteister daarom was internasionale blootstelling beperk (eie kennis)
- Die federalestede het die uitspraak van die hooggeregshof geminag wat beslis het dat alle Amerikaners die reg het om te stem (Bron 3B)
- Swart Amerikaners was nie by enige distrik (plaaslike regering) verteenwoordig nie (Bron 3C)
- Die swart Amerikaners was die reg tot basiese en siviele menseregte soos onderwys ontneem (Bron 3C)
- Die rassistiese groepe soos die Ku Klux Klan het Vryheidsomer vegters vermoor en geterroriseer (Bron 3C en 3D)
- Daar was teen Fannie Lou Hamer gediskrimineer op distriksvlak deur die wit rassistiese politieke leiers wat gedreig het om haar dood te maak (Bron 3C)
- Aandklokreëls ure in Mississippi (Bron 3D)
- Die federale en nasionale regering het misluk om te reageer of die wrede polisieaanvalle gedurende die veldtogte te stop nie (Bron 3D)
- Die FBI het die KKK-moorde verdedig en die klagtes teen hulle is uitgegooi (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip of die Vryheidsomerveldtog daarin geslaag het om kiesersregistrasie uitdagings wat swart (Afro-Amerikaners) in die Verenigde State van Amerika (VSA) in die 1960s in die gesig gestaar het aan te spreek.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip of die Vryheidsomerveldtog daarin geslaag het om kiesersregistrasie uitdagings wat swart (Afro-Amerikaners) in die Verenigde State van Amerika (VSA) in die 1960s in die gesig gestaar het aan te spreek.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip of die Vryheidsomerveldtog daarin geslaag het om kiesersregistrasie uitdagings wat swart (Afro-Amerikaners) in die Verenigde State van Amerika (VSA) in die 1960s in die gesig gestaar het aan te spreek.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. As hulle met die stelling saamstem, moet hulle verduidelik hoe die militêre taktieke wat deur die Verenigde State van Amerika toegepas is daarin geslaag het om die Viëtkong tydens die Viëtnam oorlog tussen 1963 en 1975 te verslaan. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle met die stelling saamstem of nie dat die militêre taktieke wat deur die Verenigde State van Amerika toegepas is daarin geslaag het om die Viëtkong tydens die Viëtnam oorlog tussen 1963 en 1975 te verslaan . Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

**UITBREIDING**

Fokus op die militêre taktieke wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is.

- Onmiddellike omstandighede voor die oorlog
  - Die verdeling van Viëtnam en die vorming van die Viëtkong(Agtergrond)
  - Redes vir die VSA se betrokkenheid: inperking en domino-teorie
- VSA eerste ingryping in Suid-Viëtnam (Vrees vir Domino teorie) – het wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste) gestuur
- Ho Chi Minh-roete en die belangrikheid daarvan (gebruik deur die Viëtminh [kommunistiese guerrillas uit Noord-Viëtnam] om die Viëtkong te ondersteun) in die suide
- VSA stel Veilige Dorpie-beleid ('Safe Village' policy)/Kleinboerdorpie-strategie ('Hamlet strategy')/'Villagisation' (hervestiging van mense in nuwe dorpe) bekend – probeer om guerrillas van dorpenaars te /isoleer/af te skei (1962)/Veilige Dorpie-beleid ('Safe village policy') het misluk omdat die Viëtkong binne-in dorpies gefunksioneer het
- Die Golf van Tonkin-insident en oplossing (1964)/Die VSA het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog is nie
- VSA stuur op 8 Maart 1965, 3 500 Marines en grondtroepe na Viëtnam/ konvensionele strategie word met guerrilla taktieke verwaar
- Operation Ranch Hand (1962–1971) – gebruik chemiese ontblaringsmiddels (Agent Orange om woud te vernietig) – (omgewingsfaktore) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- Die gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en is deur baie mense veroordeel
- President Johnson het in Maart 1965 Operation Rolling Thunder ingestel om die Viëtkong vinnig te elimineer – ondoeltreffendheid van 'n konvensionele strategie in vergelyking met onkonvensionele guerrilla-oorlogvoering
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van dorpenaars (boere/kleinboere te onderskei)

- Viëtkong het met Tet Offensief (1968) teenoor VSA taktieke gereageer – verrassingsaanvalle op 100 stede (onkonvensionele strategieë) – VSA beheerde stede in lokval gelei
- Aantal Amerikaanse soldate wat gesterf het, het gestyg – lei tot anti-oorlogbetogings in die SA
- Hoogs doeltreffende gebruik van guerrillataktiek deur die Viëtkong

- VSA stuur jong en onervare soldate na Viëtnam
- VSA gebruik Soek-en-vernietig-beleid (missies) ('Search and Destroy Policy [missions]') (My Lai-massamoord) om dorpies wat die Viëtkong ondersteun
- Die gevolg was dat groot getalle burgerlikes gesterf het wat tot meer ondersteuning vir die Viëtkong gelei het
- Amerikaanse gruweldade en die My Lai-massamoord (Maart 1968) het die openbare mening teen die Amerikaans-gevoerde oorlog gedraai
- Noord-Viëtnam het militêre bystand van die USSR en China ontvang so die Viëtminh en Viëtkong het tot moderne wapens toegang gehad
- Guerrilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, bygestaan deur die Viëtminh uit die noorde, en hulle het taktieke soos fopstelsels, ondergrondse tonnels, verrassingsaanvalle, sabotasie (omgewingsfaktore) gebruik
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die Amerikaanse soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam na vore gekom. Dit is ook WHAM (Winning the hearts and minds of the Viëtnamese) genoem wat die mislukking van Amerika om te keer dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking aangedui
- Teen 1973 het die VSA alle troepe onttrek en President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys Vredesooreenkoms onderteken – dit beëindig Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer van Saigon oorgeneem
- Viëtnam was onder kommunistiese beheer verenig/VSA militêre taktieke het nie daarin geslaag om die Viëtkong te verslaan nie
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet 'n krities bespreek of Mobutu Sese Seko positiewe veranderinge in die Kongo na onafhanklikheidswording in die 1960s deur sy politieke, ekonomiese en sosiale beleide gebring het. As sy beleide nie altyd positiewe veranderinge gebring het nie, moet kandidate ook na die negatiewe veranderinge verwys.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem deur aan te dui of die beleide wat deur Mobutu Sese Seko ingestel is daarin geslaag het om positiewe veranderinge in die Kongo na onafhanklikheidswording te bring. Hulle moet aandui hoe hulle beoog om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

**Politieke beleide**
- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklikheid verkry met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister. Joseph Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is terwyl Patrice Lumumba ten gunste was van 'n sterk sentrale nasionale regering/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Die Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin-met Tshombe wat op afskeiding van Katanga vir hulle onafhanklikheid gefokus het
- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit te bring (positiewe veranderinge)
- Mobutu het outokratiese maniere toegapas om politieke stabiliteit te bereik (negetiewe veranderinge
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer(positiewe veranderinge)
- ~~en~~ sy land 'n nuwe konstitusie as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR), gegee (positiewe verandering)
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk (negatiewe verandering)
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus (Mobutuïsme) ontwikkel (negatiewe verandering)
- Mobutu is deur die VSA bygestaan omdat hy as 'n antikommunistiese bondgenoot beskou is(negetiewe en positiewe veranderinge)
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkome beheer (negatiewe en positiewe verandering)
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang is – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het (positiewe en negatiewe veranderinge)
- Hy het nepotisme (kleptokrasie) toegelaat (negatiewe veranderinge)
- Mobutu was lewenslange president tot met sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**

- Nasionalisasie: Mobutu het die land se kopermynboubedryf genasionaliseer en die winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10 jaar-industrialisasieplan te finansier (positiewe verandering)
- Het maatskappye wat deur buitelanders besit is, sonder vergoeding genasionaliseer
- Buitelandse maatskappye is onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas (negatiewe verandering)
- Het Zaïrenasie (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) ingestel (positiewe en negatiewe veranderings)
- Zaïrenasie het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei (negetiewe veranderinge)
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (het groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep)
- Swak ekonomiese beleide het tot die agteruitgang van infrastruktuur soos paaie ens. gelei
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep waar 'n groep aangewese staatsamptenare hulle posisies vir finansiële gewin misbruik het (negatiewe verandering)
- Mobutu is gedwing om 'n retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Toename in oliepryse het die landbou geaffekteer
- Die Kongo se ekonomie het in duie gestort
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank (negatiewe verandering)
- Enige ander relevante antwoord

**Sosiale beleide**

- ➢ Teen onafhanklikheid (1960) het die Kongo 14 universiteitsgegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad
- ➢ Implementeer beleid van Authenticite (oorspronklik om inheemse gelowe en oortuigings te bevorder) om koloniale invloed uit die weg te ruim en Zaïrese met trots en eie kultuur te verenig. ook verwys na as Afrikanisering (positiewe verandering)
- ➢ Vervang Christelike name met Afrika name bv. Die Kongo word in 1971 Zaïre genoem
- ➢ Leopoldville word Kinshasha, Elisabethville word Lubumbashi en Stanleyville word Kisangani; Mobutu verander ook sy eie naam van Joseph-Desire Mobutu na Mobutu Sese Seko Ngbedu Waza Banga, wat beteken 'Die oorheersende oorwinnaar, wie as gevolg van sy uithou vermoë en onbuigbaarheid Sal Oorwin, sal beweeg van Oorwinning na Oorwinnaar en sy voetspore agterlos (positiewe veranderinge verbind tot dekolonisering)
- Kleredrag: die dra van Westerse styl pakke is verbied (deur 'n dekreet) en vervang met 'abacos' ('A bas le costumes'), wat beteken 'weg met die pak' (sosiale status) (positiewe veranderinge)
- Bevordering van plaaslike musiek (positiewe veranderinge)
- Mobutu het demokrasie as 'n vreemde/buitelandse ideologie vir Afrika beskou – hy het regeer as 'n Hoofman in 'n tradisionele Afrika-styl en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk (negatiewe veranderinge)
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het steeds die stedelike elite bevoordeel (negatiewe veranderinge)

- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings het van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 gestyg (positiewe veranderinge)/Toe staatsbefondsing deur Mobutu teruggetrek is, moes ouers begin betaal en primêre onderwys het begin om te daal/af te neem (negatiewe veranderinge)
- Onderwysers en hospitaalpersoneel is vir maande lank nie betaal nie as gevolg van swak ekonomiese praktyke (negatiewe verandering)
- Armoede het toegeneem as gevolg van voedselinflasie(negetiewe veranderinge)
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die aard van die Swartmagbeweging in die 1960s in die Verenigde State van Amerika 'n militante en gewelddadige beweging was, wat respek vir die lewens van swart Amerikaners verkondig het. Hulle moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die aard van die Swartmagbeweging in die 1960s in die Verenigde state Van Amerika 'n militante en gewelddadige beweging was, wat respek vir die lewens van swart Amerikaners verkondig het. Hulle moet ook in hooftrekke beskryf hoe hulle beoog om hulle argumente te motiveer.

### UITBREIDING

- Omstandighede in die VSA: (Agtergrondinligting)
    - Swart Amerikaners steeds ekonomies en polities onderdruk/belemmer in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
    - Gebrek aan gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/onvoldoende geriewe)
    - Swart Amerikaners raak ongeduldig met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
    - Swart Amerikaners is aan polisiewreedheid onderwerp – lei tot groei van nasionalistiese gevoelens
- Swartmagbeweging het die Swartmagfilosofie verkondig wat die gees van selfgelding, selfstandigheid, Swart Trots, beheer van politiek in eie gemeenskappe (verkondig deur Stokely Carmichael) bevorder het; swart Afrikaners moes hulleself teen polisiewreedheid beskerm; swartes moes vryheid van wit mag nastreef; bevordering van Afrohaarstyl en Afrika-kleredrag en het die slagspreuk 'Black is beautiful' uitgedink
- Malcolm X het selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder (militant)
- Hy het geredeneer dat bloedvergieting vir rewolusie (militant en geweldadig) nodig was en hy het selfrespek en selfdissipline verkondig
- Bevorder die konsep van 'Black Pride' ('Swart Trots') (selfagting/selfrespek/self-help)
- Moedig swart Amerikaners aan om op enige moontlike manier teen wit Amerikaanse gesag op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid (geweld)
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n middel van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het (geweld)
- Stokely Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van die geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het (geweldadig)
- Verkondig die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy bevorder een plan om die VSA in aparte swart en wit lande te verdeel
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog
- Impak: die duidelikste vorm van rassediskriminasie het geëindig

- Rassegeweld en –spanning het afgeneem
- Swart Amerikaners is tot openbare ampte verkies
- Behuising en geriewe vir swart Amerikaners is verbeter (selfagting)
- Swart geletterdheid styg en afhanklikheid van staatstoelaes daal (selfagting)
- Regstellende-aksie-beleide vir federale indiensneming is ingestel
- Bobby Seale en Huey Newton het in 1966 die Black Pantherparty (BPP) vir Selfverdediging – teen polisiewreedheid, gestig (militant en geweldadig)
- Die Tienpuntplan is aangeneem om hulle sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te dek (selfagting)
- Die BPP het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgewis en leer in skole verbete (swartbemagtiging)
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid in die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (swartbemagtiging)
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien (swartbemagtiging)
- BPP-lede het strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite (polisieer die polisie) te moniteer en om hulle teen polisiewreedheid te beskerm
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou